NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE UK VAN DIE KONVENT VIR EENHEID GEHOU OP 29 MEI 2002 TE STELLENBOSCH

1. OPENING

1.1 Dr CW Burger open deur voor te lees uit Ps 8 en n a v verse 7 - 9 daarop te wys dat God ‘n geweldige verantwoordelikheid in ons mensehande laat, en ons daarom in ons getuienis ‘n beter beeld van God behoort te dra. Nadat drie lede voorgegaan het in gebed verwelkom hy almal teenwoordig.

2. KONSTITUERING

2.1 **VGK Kaapland**

Ds JD Buys
Ds BF Mbenenge
Ds T Nyatyowa
Verskoning word aangeteken vir ds P Groves

2.2 **NGK Wes-en-Suid-Kaapland**

Dr CW Burger
Dr FM Gaum
Ds K Delport
Dr JJE Koornhof
Ds MP Sahd

2.3 **NGK Oos-Kaapland**

Prof PJ Naudé
Dr ACV van Wyk
Ds EGJdeG Schutte
Verskoning word aangeteken vir ds WPM van Niekerk

Besluit :
Die vergadering besluit dat prof Naudé en ds Schutte onderskeidelik as voorsitter en skriba van die vergadering sal optree.

3. ReëLINGS VERGADERTYE / VASSTELLING VAN DIE SAKELYS

3.1 Enkele reëlings word getref.
3.2 Dr Koornhof sal om die vergadering om 18 : 00 verlaat.
3.3 Die volgende bylaes word beskikbaar gestel :

Bylaag B : Notule UK 18.03.2002
Bylaag B1 : Verslag van Belhar-Werkgroep
Bylaag B2 : Notule Taakgroep(e) Kerkregtelike Aangeleenthede 25.04.2002
Bylaag B3 : Notule Taakgroep Kerkregtelike Aangeleenthede 28.05.2002

Bylaag B4 : Gespreksdokument Studiekommissie Eenwordingstrukture 28.05.2002
Bylaag B5 : Voorstelle A, B, C : Die Pad Vorentoe?

3.4 Die volgende sake word onder pt 7 (Algemeen) bygevoeg :

7.1 Die Pad Vorentoe?
7.2 Posisie van die RCA?
7.3 Posisie van die NGKA?
7.4 Behoort Ringe 'n Keuse tot Kerkvereniging te hê?
7.5 Belydenisgrondslag van 'n Verenigde Kerk?

4. NOTULE : VERGADERING UK 18.03.2002 (BELHAR) BYLAAG B

4.1 Die notule word as gelese beskou en goedgekeur nadat kennis geneem is dat drr JJE Koornhof en FM Gaum, asook prof PJ Naudé en di WPM van Niekerk en EGJdeG Schutte met verskoning afwesig was.

5. SAKE UIT DIE NOTULE (UK 18.03.2002)

5.1 **Verslae van die Studiekommissies (pt 6.2 - 6.4)**
Staan oor tot by die behandeling van die verslae

5.2 **Riglyne vir Plaaslike Konvente op Rings- en Kerkraadsvlak (pt 6.5)**
5.2.1 Danie Nel (Wynberg-ring) sal 'n verslag voorlê.
5.2.2 Die vergadering neem kennis van die uitstekende samewerking binne die Wynberg-ring.
5.2.3 Ook die twee NGK-ringe te Port Elizabeth werk ten nouste met die ringe van die VGK saam.

Besluit :
Die UK besluit dat die verteenwoordigers van die verskillende kerke toesien dat hul plaaslike kommissies aangewys word om prosesse binne hul sinodale gebied te koördineer, met verslag aan die UK by sy volgende vergadering.

5.3 **Volgende Konvent (pt 7)**
Staan oor tot by die behandeling van pt 7.1 van die sakelys

5.4 **Moontlike Konvent op Algemene Sinodale Vlak (pt 8)**
5.4.1 Die vergadering neem kennis dat Subkommissie 7 twee ontmoetings gehad het, dat oorgegaan is tot die vorming van 'n Gesprekskommissie, en dat die gemeenskaplike basis die verbintenis tot kerkvereniging en die wedersydse erkenning, ook van mekaar se legitimasie, is. Die vergadering neem kennis dat die NGKA nie positief gereageer het op die vraag of hulle die VGKSA se legitimasie erken nie.
5.4.2 Die vergadering neem voorts kennis van die protesoptog van leraas / lidmate van die VGKSA tydens die vergadering van die Algemene Sinodale Kommissie (NGK)-vergadering te Pretoria.
5.4.3 Die vergadering neem kennis dat die reël van 'n Konvent op Algemene Sinodale vlak oorstaan tot ná die vergadering van die Algemene Sinode van die NGK.
5.5 **Moontlike Konvent in Gauteng (pt 9)**

5.5.1 Die vergadering neem kennis dat verteenwoordigers van die 4 NGK-sinodes in Transvaal en 2 VGK-sinodes samesprekings gevoer het, en dat beplan word om ‘n konvent te reël voor die sitting van die Algemene Sinode NGK.

6. VERSLAE VAN STUDIEKOMMISSIES

6.1 VERSLAG VAN DIE BELHAR-WERKGROEP BYLAAG B1

6.1.1 Die verslag (Bylaag B1) dien

6.1.1.1 Die vergadering neem kennis van pte 1 - 3.iv
6.1.1.2 Die vergadering besluit dat pt 3.v uitgebrei word om materiaal vir gebruik in klein groepe in te sluit
6.1.1.3 Die vergadering neem kennis van pte 3.vi - 4

Besluit :
Die UK gee opdrag aan die werkgroep om voort te gaan en ‘n (konsep) eietydse uitleg van die Belhar-Belydenis dringend voor te berei, desnoods in samewerking met die ander konvente, met die oog op voorlegging aan die eersvolgende vergaderings van die streeksinodes.

6.2 NOTULE TAAKGROEP(E) KERKREGTELIKE AANGELEENTHEDE 25.04.2002 BYLAAG B2

6.2.1 Die verslag (Bylaag B2) dien

6.2.1.1 Die vergadering neem kennis van pte 1 - 8

[Pt 4.4.2 is ondervang in besluit by pt 5.2 hierbo]
[Pt 4.4.4 sal by pte 7.2 en 7.3 van die sakelys hanteer word]

6.3 NOTULE TAAKGROEP KERKREGTELIKE AANGELEENTHEDE 28.05.2002 BYLAAG B3

6.3.1 Die verslag (Bylaag B3) dien

6.3.1.1 Die vergadering neem kennis van pte 1 - 8.3
6.3.1.2 Die vergadering neem kennis dat uitklaring nog verkry moet word betreffende die begrip ***approbasie*** en by wie die besluitnemingsbevoegdheid berus, nl ***kerkraad of gemeente*** (by pt 7.1)

6.4 GESPREKSDOKUMENT STUDIEKOMMISSIE EENWORDINGSTRUKTURE BYLAAG B4

6.4.1 Die verslag (Bylaag B4) dien

6.4.1.1 Die vergadering neem kennis van pte 1 - 5

Besluit :
Die UK neem kennis van die volgende voorlegging / voorstel :

Eenwording op algemeen-sinodale -, streeksinodale -, rings- en gemeentevlakke, maar met behoud van outonomie van gemeentes om self te besluit hoe en waar hulle een word.

7. ALGEMEEN

7.1 DIE PAD VORENTOE? BYLAAG B5

7.1.1 Dr CW Burger lê Bylaag B5 vir besinning voor die vergadering

7.1.2 Die vergadering neem kennis van Voorstelle A, B, C.

Besluit :
Die UK neem kennis van die verskillende voorstelle en verwys die formulering van 'n beskrywingspunt (na die Algemene Sinode van die NGK) na dr Burger, prof Naudé, dr Koornhof en ds Schutte. Die VGK-afvaardiging moet geken word by die finale formulering en die beskrywingspunt sal via die Moderamen van NGK Wes-en-Suid-Kaapland opgestuur word.

Besluit :
Die UK besluit om die volgende vergadering van die Konvent vir Eenheid vir Junie / Julie 2003 te reël.

[Hiermee is pt 5.3 van die sakelys hanteer]

7.2 POSISIE VAN DIE RCA?

Besluit :
Die UK besluit om by sy volgende vergadering te besin oor die vraag of die Konvent die RCA moet nooi om lid te word.

7.3 POSISIE VAN DIE NGKA?

Besluit :
Die UK besluit om by 'n volgende vergadering aan die posisie van die NGKA aandag te gee.

7.4 BEHOORT RINGE 'N KEUSE TOT KERKVERENIGING TE Hê?

Besluit :
Die UK neem kennis dat die VGK nie van oordeel is dat ringe 'n keuse behoort te hê nie.

7.5 BELYDENISGRONDSLAG VAN 'N VERENIGDE KERK

Besluit :
Die UK dra dit aan die drie moderators (Burger / Buys / Naudé) op om 'n standpunt / verklarende aantekening hieroor te formuleer en aan die ander lede van die UK te sirkuleer teen 25.06.2002

8. VOLGENDE VERGADERING VAN DIE UK

Besluit :
Die UK besluit dat die skribas die moderators adviseer oor die noodsaaklikheid van 'n vergadering gedurende November (tentatief 04.11.2002), dat lg die datum verskuif indien nodig, en dat die skribas ook besin oor die plek, lokaal en datum van Konvent 2003.

9. AFSLUITING

Die vergadering sluit met die sing van *Ubi Caritas.*

GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN OP DIE VERGADERING VAN DIE UK OP

Voorsitter : **Skriba :**